*Scriptura 27 (1988), 8-19*

# TWEE TEOLOGIES-ETIESE PERSPEKTIEWE OP 'N KEUSE VIR INKLUSIEWE DEMOKRASIE IN SUID-AFRIKA

Johann Kinghorn
Universiteit van Stellenbosch

## Abstract

Two theological-ethical perspectives on an option for inclusive democracy in South Africa.

*The document 'The option for inclusive democracy' (Centre for Hermeneutics, University of Stellenbosch, 1987) is an attempt to develop a social theology which is legitimate as regards mainstream theology and relevant as regards the South African context. After two years of constant consultation with a wide spectrum of Christians [particularly black], the document was published in a concise format.*

*This article deals with two important aspects informing the document - racism and the concept of creation order. The racist concept of a world order based on a natural hierarchy of being prevalent in South Africa, is analysed.*

*In response to this, 'The Option ...' develops a moral (as opposed to an ideological) concept of the world order. The central point is that love, as a creative act of liberation and reconciliation, is the intended order for human life. Despite all odds, this order still pertains because God, as an actor also in the human game, maintains this order. The socio-political structure of society should, taking into account the material conditions prevailing at any given time, be commensurate with God's order.*

Teen die einde van 1987 het verskyn: *Die keuse vir inklusiewe demokrasie - 'n teologies-etiese studie oor toepaslike gemeenskapswaardes vir Suid-Afrika* (Sentrum vir Hermeneutiek, Universiteit van Stellenbosch). Dit was die voorlopige produk van 'n navorsingsproses wat meer as twee jaar geduur het en 'n wisselwerking tussen hoogs abstrakte refleksie en argumentatiewe gesprekvoering met Suid-Afrikaners uit byna elke laag en groepering behels het.

Die mikpunt was om te bepaal óf daar, en indien wel, watter gemeenskaplike lewenswaardes bestaan wat as grondslag vir 'n vredevoller samelewing kan geld. Daar is uitgegaan van die feit dat 'n baie groot deel van die Suid-Afrikaanse bevolking die Christelike geloof aanvaar, en gevolglik is binne die breë kerklike parameters gewerk.

In die proses het dit duidelik geword dat daar in Suid-Afrika heel bepaalde *keuses* gemaak moet word - eties, polities, maar ook teologies. Hierdie besef het uiteindelik tot in die titel neerslag gevind. Daarnaas het die navorsing tot 'n besonder intensiewe teologiseringsproses gelei wat uiteraard nie in *Die Keuse ...* self beredeneer kon word nie.

Hierdie artikel behandel twee kardinale aspekte met betrekking tot *Die Keuse ...* te wete die sosiaal-analise betreffende rassisme, en die skeppingsordeningsbegrip waarop die betoog gebou is. Dit word gedoen in die hoop dat die gedagtes wat hier voorgelê word ander sal stimuleer om ook op teoretiese vlak aan die opwindende taak, waarvoor ons almal staan, deel te neem. *Dit is die taak om 'n nuwe samelewingsopvatting vir ons land te bou wat die teken van 'n Evangeliese mensbeskouing sal dra en dáárom vir die mens, vir álle mense, welbehaaglik sal wees.*

## 1. Sosiaal-analitiese opmerkings

1.1 Ons onderhawige dokument kan nie verstaan word sonder om te let op die sosiale konteks waarop dit 'n alternatief wil bied nie. Dit spel nou wel geen sosiale analise in besonderhede uit nie, maar so 'n analise is wel deeglik in ag geneem by die opstel daarvan. Die keuse van temas soos vryheid, gelykheid, deelname, regverdige verdeling van welvaart, ens, spreek reeds boekdele.

Die dokument gaan uit van die standpunt dat die Suid-Afrikaanse samelewing gebou is op die *orde* van rassisme. 'n Mens moet die woord *orde* in hierdie verband baie ernstig opneem. Dit is alom bekend dat ras in Suid-Afrika 'n baie groot rol speel en nou selfs al tot in die konstitusie geïnfiltreer het. Maar dit beteken nie noodwendig dat die *orde* van bestaan een van rassisme is nie. Die orde van rassisme kom dáár voor waar die heersende mens- en samelewingsbegrip 'n rassistiese een is. 'n Rassistiese orde is 'n orde waarin die *waarde*-opvattings oor, en nie slegs die administrasie van die publieke lewe nie, deur die beginsels van rassisme bepaal word. 'n Mens kan nie anders as om die ontmoedigende suspisie te hê dat die meeste van die sogenaamde hervormingsgesinde blankes dit nie verstaan nie, en daarom meen dat ons van rassisme ontslae sal wees dié dag wanneer 'kleur' uit ons wetboeke verdwyn het. Dit gaan vir die meeste dus om die verwydering van 'stukke wetgewing' (*Kerk en Samelewing*, 55), of dalk om die verbetering van gesindhede in plaas van 'n verandering van waardes en lewenstyl.

*Dit* is een van die flagrantste mistastings. Rassisme (d w s apartheid) is nie slegs 'n regsisteem, 'n sosiale stelsel of 'n gesindheidsinstelling nie. Dit is die somtotaal hiervan en meer. Dit is 'n ordebesef, 'n allesbeheersende opvatting oor God, mens en werklikheid. Trouens, dit gaan in rassisme/apartheid primêr oor die *ordening van*

*werklikheid*, oor hoe die mens en die menslike werklikheid in die geheel bedoel is om te wees. Dit is 'n beskouing oor die samehang van die gehele mensheid, oor die ontwikkelingsgeskiedenis van die mensdom, oor die sin van die lewe en oor die wyse waarop die waarde van die individu bereken moet word. Rassisme is 'n geheelpakket van *fundamentele*, sosiale *waardes*.

Om daardie rede het apartheidsteoloë dit deur die jare nodig gevind om die beleid sowel as die ondersteunende teologie met die skepping en selfs met die wese van God (bygesê, buite trinitariese konteks) in verband te probeer bring. Hulle wou daarmee duidelik maak dat dit vir hulle in dié dinge om die oer-sake van die eksistensie gaan, oor sake wat alles raak. Daarom is rassisme/apartheid van so 'n aard dat 'n mens daarvan *wedergebore* moet word. 'n Mens moet leer dat die *orde* van die menslike bestaan - voor God en teenoor mekaar - volkome anders behoort te wees as wat die rassistiese skema leer. Of, anders gesê: wie apartheid wil teenstaan, moet onder andere bereid wees om weer eens die teologiese vraagstuk van die skeppingsordeninge op te neem! (Wat in óns dag konkreet beteken dat die tema van menseregte opgeneem moet word.)

1.2 Maar voor ons daarby kom, moet ons eers die vraag stel hoe rassisme die orde van die menslike wêreld sien.

1.2.1 Voorop staan die opvatting dat die mensdom *van nature* verdeel is in 'n verskeidenheid van groepe. Hulle heet volke. Hierdie groepe word meganies gebind deur inherente faktore. Hulle word dus nie gevorm deurdat individue kies om daaraan te behoort al dan nie. Dit is groepe wat *vooraf* vasgelê en bepaal is. Rassistiese teorieë oor die inherente faktore verskil, maar hulle het een ding gemeen. Die faktore is naturalisties of te wel *biologies* van aard. 'n Mens erf dit. Jy word, om presies te wees, byna volledig gedetermineer deur jou erflike verlede.

1.2.2 Maar nou doen rassisme egter meer as net om die verskynsel van groepvorming op 'n naturalisties-deterministiese wyse te probeer *verklaar*. Die verklaring dien eintlik net om 'n grondslag te skep vir 'n normatiewe oordeel. Sommige groepe word naamlik as meer-, en ander as minderwaardig verklaar. Rassisme kom hiertoe deur te aanvaar dat die inherente faktore wat groepvorming bepaal, van verskillende *gehalte* is. Sodoende word die mensdom geklassifiseer in *hoër* en *laer* groepe. Ingewikkelder gestel: 'n hiërargiese ordening van syn binne die menslike ras word geponeer.

Die groep waartoe iemand gereken word, is dus 'n uiterlike aanduiding van die klas mensheid wat die betrokke persoon verteenwoordig. En dit volg maklik dat die *groep* waartoe iemand behoort, die *norm* vir die individu se status en sosiale waarde word. Só kom dit dat van groepsbehorendheid afgelei word of iemand as méns goed of sleg is. Ideologiese klassifikasie van groepe en morele oordeel smelt op dié wyse saam.

1.2.3 Dit volg meedoënloos logies dat die groep in die 'boonste klas' met die goeie vereenselwig sal word. Dan is dit nie moeilik om te glo dat die meerderwaardige groep die plig het om beheer oor die minderwaardige uit te oefen nie. Het 'n mens

dan nie die morele plig om die goeie *oor* die slegte te laat seëvier nie? [1] Rassisme lei daarom altyd tot outoritêre politieke en selfs militêre manipulasie van mense se regte, pligte en welvaart. Rassisme is bepaald nie net 'n kwade gesindheid nie.

Die kenmerkendste metode van manipulasie is: *skeiding*. Meerderes kan tog aldus nie met minderes meng nie. Hulle is nie gelykes nie en durf dus nie op gelyke voet verkeer nie. Meestal is geografiese skeiding onprakties (soos in geval van die tuislandbeleid) of ongewild (wie sal dan in die kombuis werk?). Onder alle omstandighede gaan dit egter om skeiding van mag (soos bv die driekamer-parlement) en wel op só 'n wyse dat die oppermag aan die vermeende meerdere toekom.

Daarmee staan ons voor die naakte werklikheid van rassisme. *Dit gaan in rassisme ten diepste om 'n naturalistiese motivering daarvoor te bied dat een magsbewuste alliansie die beheer oor ander kan toe-eien.*

Politiek het altyd met mag te maak. 'n Politieke party mag nie verkwalik word dat dit na mag streef nie. Die beslissende vraag is egter enersyds *wat* met die mag *gemaak*, en andersyds *waaraan* dit *ontleen* word.

Mag kan gebruik word ten *behoewe* óf ten *koste* van mense. In die eerste geval word dit reg gebruik, in die tweede word dit misbruik. 'n Rassistiese bestel gebruik mag ten behoewe van slegs sommiges, en dus ten koste van ander. Rassisme is 'n teorie wat dié misbruik van mag *legitimeer* deur dit as 'n *natuurnoodwendigheid* voor te hou.

Verder kan mag aan die instemming van die totale bevolking ontleen word (deurdat die meerderheid aktief en die minderheid passief lojaal is aan die uitoefening van die mag). Maar mag kan ook ontleen word aan die eksklusiewe wil van 'n klein groep wat hulle wil op alle ander afforseer en sodoende magsdominasie uitoefen; iets wat dan versterk word wanneer die voorspelbare verset van die kant van die onderdruktes intree en 'n spiraal van magskonflik ontwikkel. Mag wat aan sulke eksklusiewe dominasiesug ontleen word, is 'n sosiale vorm van die oersonde, naamlik dat mense van nature haat teen mekaar uitstort - nóú in die vorm van heerssug. Rassisme is 'n teorie wat dié wanontleding van mag legitimeer deur mags- en gesagspersepsies te bou wat magsdominasie as 'n natuurnoodwendigheid voorhou, en sodoende die gewete ontlas, omdat dit 'n skynbaar onbetwisbare (natuurlike) rede bied vir oorheersing oor ander. [2]

1.3 In Suid-Afrika het rassisme 'n afgodiese gestalte aangeneem. Dis erg genoeg om te beweer dat mense vanweë inherente faktore, vooraf bepaal is tot 'n meerder- of minderwaardige groep en dienooreenkomstig gereguleer moet word. Dis geheel onhoudbaar wanneer dié inherente, natuurlike faktor aan 'n normatiewe

1. Om misverstand te voorkom: die goeie móét oor die slegte triomfeer - en sal ook, danksy Gods genade. Maar dan moet die goeie en die slegte moreel gedefineer word, en nie ideologies nie.

2. Die teologie weet goed dat die uitspraak dat mense van nature geneig is om God en hulle naaste te haat, nie 'n uitspraak primêr oor die mens se gevoel is nie. Haat is 'n daad waarmee lewensruimte van ander ontneem word. Dit is die daad waarin aan selfverheffing en selfsug beslag gegee word. Rassisme is 'n moderne teorie wat politieke magsmeganismes om dié haat uit te voer, goedpraat.

skeppingsdaad van God toegeskryf word. Daarmee is God en natuur gelykgestel. In praktyk beteken dit dat God met die selfsugtige eie-belang van 'n heer- en heerssugtige groep vereenselwig is. 'n Erger mismaaksel van dié geloof in God wat in Christus, die Dienskneg, gestalte aangeneem het en wat (in Calvyn se taal) in die self*verloëning* leef, kan 'n mens moeilik kry.

Dat mense en selfs groepe mense meerder- of minderwaardig voel en behandel word, is helaas nog steeds 'n kenmerk van ons sosiale lewe. Nou meer as ooit is dit nodig om die volle betekenis te verstaan van die Goeie Tyding van Jesus Christus, dat God mense *nie* so bejeën of klassifiseer nie. Mense is sondaars, maar dit maak hulle nog nie minderwaardig nie. Trouens, God *maak* mense, veral sondige mense, waardig. Maria Magdalena die slet, Saggeus die knoeier, en Petrus die meerderwaardige, kon dit op verskillende wyses leer. En as God mense nie so as meer- en minderwaardig groepeer nie, het geen mens die reg om dit in teorie of praktyk met ander te doen nie. Allermins het 'n mens die reg om 'n hele lewens- en wêreldbeskouing op so 'n grondslag te bou en dit boonop die norm te maak vir die sosio-politieke orde.

1.4 Die analise hierbo lei tot pertinente gevolgtrekkings.

1.4.1 Die groot probleem met rassisme is nie net die praktiese immoraliteit daarvan nie deurdat dit uitbuiting en onderdrukking goedpraat. Die probleem is eintlik dat dit *inherent* immoreel is, omdat dit gebou is op 'n vals opvatting oor hoe God met ons wêreld werk, en wil dat mense met mense sal werk. Op dié wyse minag dit die sin en doel waarvoor God die menslike lewe geskep en in Christus herskep het. Dit poneer 'n bestaansorde wat deur die Christelike geloof nie gesteun of verdra kan word nie.

1.4.2 In wese is rassisme 'n *naturalistiese mensleer*. Daarom is dit in wese *anti-religieus*. Waar wel gepoog word - soos by ons in Suid-Afrika - om godsdienstige steun daaraan te gee, is 'n rassistiese begrip van God hoogstens pan-deïsties. God kan alleen verstaan word in samehang met die natuurverskynsel van die inherente onderskeidingsfaktor wat die mensdom verdeel. In opposisie tot rassisme word 'n mens dus verplig om 'n mensleer daar te stel wat die mens nie aan 'n onbeheerbare inherente natuurkrag verkneg nie, maar die *speelruimte*, die *vryheid* ja, van die mens wat tegelyk 'n geesteswese is, erken. Die mens kan egter slegs werklik as geesteswese verstaan word in verhouding tot God as die Geestesgenoot van die mens. Eers dan kan 'n mensleer ontwikkel word wat die geheimenis van die menslike lewe enigermate begryplik maak. Maar ook dán eers kan 'n samelewingsbegrip ontwikkel word waar die gemeenskapsbestaan van die mens nie as 'n konflikbestaan nie, maar as 'n genootskaplike een begryp en beleef kan word.

In die kategorie van die liefde is daar 'n moontlikheid om aan bogenoemde eis tereg te kom. *Die Keuse*...ontwikkel daardie kategorie as grondslag van 'n skeppingsordeningsbegrip en verbind dus moraliteit, antropologie en ontologie op dié wyse.

1.4.3 Enigeen wat met die ordebeskouing van rassisme nie kan saamgaan nie, moet dus oor die volgende sake uitsluitsel kry. Primêr staan die vraag oor die *gelykheid*

van mense en die presiese betekenis daarvan. Daarmee hang dan onlosmaaklik saam die kwessie van *deelname* aan, en *vryheid* binne die samelewingsbestel. En natuurlik, as die mensdom nie van nature in klasse van hoër en laer verdeel is nie, moet ook oor *sosiale* gesag*strukture*, die toegangsmetode tot sosiale gesagsposisies en die rol van die owerheid, geheel anders gedink word.

Prakties beteken dit dat geen prinsipiële en naturalistiese waarde aan groepe toegereken moet word nie. Daarenteen moet die prinsipiële gelykheid en vryheid van elke mens erken word. Verder moet die magsfunksie van die staat van 'n oor-magsfunksie na 'n diensfunksie herdefinieer word. Boweal moet begrip gekweek word dat die groot verskeidenheid in die mensdom in politieke strukture van skeppende interaksie in plaas van destruktiewe konflik gekanaliseer behoort te word.

Dit is op hierdie punt dat ons nou kan oorgaan daartoe om aandag te gee aan 'n ander moontlikheid om die orde van die menslike bestaan te begryp. Die bedoeling is dán nie om 'n (eksklusiewe) Christelike of teologiese ordeningsfilosofie te ontwikkel nie. Dit gaan hier om teologiese huiswerk, met die doel om 'n teologiese *selfbegrip* te ontwikkel wat legitiem is in sigself. Alleen op so 'n basis kan die teologie tot voordeel van die wêreld deelneem aan die algemene menslike bedryf om die sin van die menslike lewe na waarde te skat en in waarheid te onderken. Dit is alleenlik op so 'n basis dat die teologie met 'n mate van vertroue na sy gespreksgenote in die ander wetenskappe kan luister en tot min of meer verantwoorde, alhoewel altyd tentatiewe, keuses kan kom oor sake van publieke aard. Die keuses wat dán gemaak word - soos byvoorbeeld in 'n inklusiewe demokrasie - is dan lank nie meer direkte teologie nie, maar wel in *aanklank* daarmee.

## 2. Liefde as skeppingsordening

2.1 Die keuse *vir inklusiewe demokrasie* is 'n dokument wat doelbewus nie probeer om 'n nuwe ideologie te skep nie. Sommige analitici sal wel gefrustreerd voel omdat daar geen enkele teologiese 'draad' deur die geheel loop nie. *Die Keuse* ... is nie die uiteensetting van hierdie of daardie teologie nie.

Daarmee is egter nie gesê dat dit lukraak en konseploos is nie. Soos hierbo opgemerk, gaan dit ten diepste oor die vraag na die lewens- en menslike *orde*. 'n Sekere begrip van dié orde is daarom grondliggend aan die geheel. Hierdie begrip kom ten beste na vore in paragraaf 1.5 wanneer oor ideologieë gehandel word, maar lê ten grondslag van die hele boekie.

2.2 As basiese uitgangspunt word aanvaar: daar is 'n orde, selfs 'n skeppingsorde. Maar die karakter van dié orde is *moreel*. Dit is geen meganiese, geen deterministiese, geen naturalistiese orde nie. Die kenmerk van die rassistiese ideologiese ordebegrip is juis dat dit so 'n meganiese naturalisme propageer. 'n Morele ordebegrip daarenteen, berus op die erkenning van die *voluntas*, die vryheid - as die wesenstrek van God, daarom van sy skepping en so ook van die mens as die kroon daarvan.

Erken 'n mens die *voluntas* nie, maak omtrent niks meer in die Bybel, en nog minder in ons menslike bestaan enige sin nie. Die geweldige aksent op etiek - tot en met die Nuwe-Testamentiese oproep tot bekering - die sondevalverhaal, die geskiedenis van Israel en (ja) Calvyn se uitverkiesingsleer, kry eers betekenis op die uitgangspunt van die skepping as 'n deur God geordende speelveld van die *voluntas*.

Die gebruik van die begrip 'speelveld' is doelbewus. Dit is die metafoor wat ten beste geskik is om die karakter van die *voluntas* soos dit in *Die Keuse* ... ter sprake kom, aan te toon. 'n 'Speelveld' verwys na 'n ruimte waar 'n mens vry is om te beweeg na *goeddunke solank* jy enersyds binne die grense van die veld, en andersyds in wisselwerking met die reëls van die spel bly. So is ook die vryheid van ons bestaan begrens. Dit is 'n dubbele begrensing. Eerstens fisiek en tweedens kwalitatief.

2.2.1 Oor die fisieke begrensing sal slegs kortliks gehandel word. Waar fisieke lewe bedreig word, het die spel van vryheid lank reeds geëindig. 'n Mens is nie vry om te speel by die grense van die lewe nie. Die God en Vader van Jesus Christus is die Skepper van lewe en waar *die* skepping van lewe bedreig word, staan Hy onverbloemd by die handhawing van Sy skepping al is dit dat Hy Kain se kant neem, met die geringste in die gevangenis solidêr is of uit die dood lewe wek.

Wanneer ons met ons Europees-Westerse agtergrond na Skrifgedeeltes kyk soos dié oor die laaste oordeel (Mt 25) is ons gewoond om dit te lees asof dit oor barmhartigheid ('charity') handel. In werklikheid lê hierdie dele op dieselfde vlak as die tweede tafel van die Tien Gebooie: dit gaan om grensgevalle tussen enigermate sinvolle lewe of dood. En dit is *dan* dat die God van die lewe ingryp en die mag en voortgang van die dood beteuel.

'n Mens kan dit ook beskryf in die taal van die ou Gereformeerde konsepte van 'onderhouding,' en 'voorsienigheid.' Dis alles in orde - mits 'n mens nie daarin hoor wat nie gesê is nie (en wat ook nie deur die ou Gereformeerde begrippe gesê wil wees nie), naamlik dat onderhouding en voorsienigheid deterministies verstaan moet word. God openbaar hom nie in Sy voorsienigheid nie en ook hef Hy nie daardeur ons vryheid op nie. Wat Hy doen, is om die grenslyne te onderhou sodat die lewensspel kan voortgaan. God voorsien ons van speelruimte.

*Die Keuse* ... kon, op grond van hierdie begrip van die onderhouding, maklik aansluit by onlangse insigte oor die verband tussen die bewaring van die skepping en sosiale geregtigheid. Hierdie saak het in die dokument, in navolging van opwindende perspektiewe wat tans by 'n afdeling van die WRK ontwikkel word, neerslag gevind in die paragraaf oor die integriteit van die skepping, maar wat daar eksplisiet is, is in die res implisiet. Was dit immers nie vir Gods onderhouding en voorsienigheid nie, had nòg ons, nòg enige ander teoloog/Christen die reg of die plig om hulle enigsins met die aarde te bemoei.

2.2.2 Daarmee kom ons by die tweede en eintlike saak waaroor dit vir ons hier in die metafoor van die spel gaan. 'n Speelveld word nie slegs begrens deur die kantlyne, die grensgevalle nie. Daar is ook so iets soos 'n konstante, interne begrensing. 'n Mens kan dit die reëls en die gees van die spel noem. En dit is hierdie, die tweede

begrensing wat hierbo spesifiek in gedagte gehou is met die verwysing na die skepping as 'n deur God geordende speelveld van die *voluntas*.

Wat is nou hierdie inhoudelike begrensing? Met hierdie vraag kom ons by die wese van die problematiek betreffende die ordening van die menslike bestaan. En van die *wyse* waarop hierdie vraag beantwoord word, hang af of die begrip skeppingsorde die gedrog is soos allerweë gemeen word. Ongetwyfeld het dié begrip nie 'n goeie geskiedenis in ons eeu nie. Tot dusver het dit in die teologie gefunksioneer as 'n front vir ideologiese infiltrasie. As sodanig was dit die dekmantel vir opvattings oor die wese en werking van die wêreld, as sou dit 'n uitvloeisel wees van meganiese prinsipes. In Suid-Afrika is daar ten minste drie sulke ideologiese prinsipes wat prominent funksioneer, te wete die dialekties-materialistiese prinsipe, die rassistiese prinsipe van die genetiese evolusie van die menslike spesie, en die nasionalistiese idee van die groepsidentiteit van volke.

Noukeurig ontleed, blyk dit dat elkeen van hierdie (en soortgelyke) idees in essensie ateïsties is. Die menslike bestaan word naamlik as 'n *eendimensionele* saak beskou. Dit wat die menselike lewe wesenlik bepaal, word hier volledig afgelei uit die natuurlike, die historiese, die sosiologiese, die sielkundige.

Dit is eers wanneer die mens ook in die lig van die geestelike, wanneer die mens dus as 'n tweedimensionele wese verstaan word, dat van 'n essensieel ateïstiese benadering weggekom kan word. Gevolglik sien 'n mens ook in ons eie sosiaal-teologiese geskiedenis pogings om dusdanige opvattings aan te vul met 'n teologies/religieuse dimensie. Die probleem is egter deurgaans (en daarvoor hoef 'n mens maar net na apartheidsteologie te kyk) dat die religieuse in dié gevalle effektief niks meer is as 'n seëngroet op die ideologie nie. Die tweede dimensie van die mens, dit is die geestelike dimensie, word aan die eerste toegevoeg, maar staan nie in 'n integrale relasie daartoe nie. Die tweede, in dié geval, is nie gelyk aan die eerste nie. 'n Integrale relasie kom egter eers op die uitgangspunt dat die mens (elke mens) primêr *skepping* is van *God*. Eers van hier af uit kan die teologie die tweedimensionaliteit van die menslike bestaan legitiem ter sprake bring. En eers wanneer dít gebeur, het die teologie die toerusting om toe te tree tot die algemene debat oor die sosiale ordening van die menslike lewe. Dán, natuurlik, hoef die teologie/godsdiens nie die prooi te word van een of ander ideologie nie. En dán is die Christelike uitsprake oor skeppingsordeninge nie noodwendig monsteragtig nie. Trouens, dit kan dán selfs 'n uitingsvorm wees van dié evangelie wat vry maak.

2.3 As dit so is dat die mens primêr die skepping van God is, en dat die mens daarom in sigself sowel as in alle lewensuitinge 'n tweedimensionele wese is, beteken dit dat ons menslike lewenspel bepaal word deur sowel die natuurlike bindinge as deur die feit dat God daarop inspeel.

Hoe God op ons inspeel, is duidelik genoeg uit Sy openbaring in die Skrif en word in die kernwoord van die Skrif saamgevat: liefde. God *is* liefde. En die openbaring van sy liefde is tegelyk 'n skeppingsakte waardeur orde in die menslike chaos gebring word.

Liefde kan ontelbare vorme aanneem. Maar in almal kom één ding telkens na vore - liefde is in wese 'n *oopwees* na ander. Waar die ander nie noodwendig 'n afhanklike of minderwaardige is nie. Liefde is nie te verwar met barmhartigheid nie, alhoewel laasgenoemde 'n uitdrukking van liefde mag wees. Liefde is nie selfingeslotenheid nie. Liefde is die waagstuk van vryheid, dié vryheid om jou oop te laat vír ander en om jou óp ander te verlaat.

In daardie sin is liefde *skepping*. Dit skep gemeenskap. Liefde *verenig*. Liefde sluit in, nie uit nie.

En daarom is liefde *bevryding*. Dit verlos uit selfisolasie en dit oorwin vyandbeelde. Dit maak vyande vriende.

Hieruit moet 'n uiters kardinale gevolgtrekking gemaak word. In óns omstandighede kan 'n mens selfs sê dat die evangelie hierby staan of val. Dit is (eerstens negatief) dat liefde nie slegs of primêr 'n gesindheid, 'n gevoelsopwelling is nie. Positief nou: liefde is 'n begrip wat die *oerwese* van die bestaan van dinge verwoord. *God is liefde*, sê nie net hoe God *voel* nie, maar wie en hoe Hy *is*. En die openbaring van God in die Seun van Sy liefde, is bepaald nie die openbaring van 'n romantiese gesindheid nie. Die openbaring van God in die Seun van sy liefde is 'n kontantharde geskiedenis waarin die totaliteit van ons menslike bestaan op die spel was. *Daarom is liefde in die konteks van die Christelike openbaring 'n werklikheidsbegrip*. Dit is 'n begrip waarin die *struktuur* van dinge verwoord word.

En hieruit volg: as daar enige waarheid daarin steek dat die wêreld die skepping Gods is en die mens die beeld van God, dan geld van die mens en van die wêreld van die mens, dat die *oerorde* van menslike bestaan eweseer liefde is. Dan geld dat die mens *gemaak* is om oop te wees vir gemeenskap. Dit is dan hoe die mens *is*, nie slegs net (soms) voel nie. Die liefde *maak* 'n mens mens. Dit is nie 'n toevallige byvoegsel tot menswees nie.

Of mense in die reële voltrekking van hul lewens uit die liefde lééf en die liefde úítleef, is 'n heel ander saak. Die geskiedenis van die mensdom, om nie eens van ons eie individuele ervarings te praat nie, is genoeg bewys daarvan dat die liefde geen vrye gang by ons het nie. Maar dít doen niks af van die feit dat die teologie die oerwaarde van die menslike bestaan dáárin vind dat elke mens *van* die genadige liefde van God leef nie. Genadige liefde omdat God hom nie van die mens versluit het in reaksie op die menslik selfingeboënheid voor God en jeens mekaar nie.

2.4 Om dié rede kan die teologie met sekere stelligheid reken dat die sonde aan die liefdesorde as *struktuur* van sinvolle menslike bestaan nie verander het nie.

Van ouds af weet die Christelike teologie om 'n baie belangrike onderskeiding te tref: naamlik tussen die *wese* en die *natuur* van die mens. En in alle uitsprake oor die sondigheid van die mens is dit alleen aan die natuur van die mens verbind. Enigiets meer sou effektief 'n verval in die gnostiek beteken. Dat die mens van nature sondig is, beteken dan eintlik dat daar 'n enorme aanslag plaasvind om die wese van menswees te vernietig. Van nature dring die haat op en soek om die struktuur van die liefdesorde van ons bestaan te vernietig.

Maar die sonde kan dit nie vernietig nie - ten minste nie oral en permanent nie. Genadiglik (Luther en Calvyn) is die natuur van die mens-onder-die-sonde nie kragtig genoeg om die wese te vernietig nie. Dit is nie omdat mense so (half-) goed is nie, maar omdat God steeds die wese van die mens, en so ook van sy skepping in stand hou; omdat God steeds inspeel op ons wêreld en so die wêreld dwing om nie in sigself te versluit nie, maar (al is dit teensinnig) na buite te open. So is die inspeel van God die interne begrensing van menslike lewe, want deur die orde van die liefde wat daardeur geskep word, of die behoefte wat daardeur ontstaan, word 'n beperking op die haat, verval en dood gestel waar die sondige natuur nie verby kan kom nie.

Nêrens is dié inspeel van God op ons wêreld meer beslissend as in Christus, die Seun van Gods liefde nie. Dáár is selfs die moontlikheid geskep dat die menslike *natuur* volgens die orde van die liefde kan bestaan, sodat die menslike lewe en wêreld vólle uitdrukking kan wees van dié werklikheid wat God skep en onderhou deur Sy liefde. Daar leer ons dan ook verstaan wat Paulus in Romeine 8 wou oordra toe hy die hoogte en die breedte en die lengte en die diepte van Gods liefde in Christus met die *bevryding* van die skepping in verband gebring het. Hoe kan dit ook anders? Want, soos hierbo opgemerk is, die liefde is op sigself die akte van ontsluiting en van vryheid.

2.5 Daar is nog een belangrikse aspek van die liefde as skeppingsordening wat uitgewys moet word. Ten beste kan dit verduidelik word deur eers na skynvorme van die liefde te verwys.

'n Nasionalistiese of selfs 'n rassistiese ideoloog sal waarskynlik grotendeels instem met die voorgaande opmerkings oor die liefde. Op een punt sal daar egter verskil wees. Hulle sal naamlik opmerk dat die liefde as dié openheid-na-gemeenskap primêr in die liefde vir die *eie* gestalte aanneem (eie kleur, taal, volk, ens). Uit die oogpunt wat hierbo gestel is, is dít egter 'n wanbegrip van die liefde. Meer nog, dit is 'n weerspreking daarvan, as van die liefde vir die eie gepraat word. Liefde, soos hierbo uiteengesit, is die oopwees vir iemand *anders*. Liefde vir die eie is daarenteen duplikasie van jouself! Dit is, in klassiek-teologiese taal, hubris.

Met dié opmerking is die eie nie afgemaak nie. En dit was ook nie wat Calvyn met die 'selfverloëning' bedoel het nie. Inteendeel. Al wat gesê is, is dat *liefde* vir die eie geen ware liefde kan wees nie. Eie belang, selfvertroue, selftrots is menslike affekte wat noodsaaklik is om positiewe karakters te vorm en meesal op sigself goeie eienskappe is. Relatief is dit dus goeie dinge. Net maar, geeneen van hierdie 'eie-sake' mag met die liefde verwar word nie. Hulle staan nie op dieselfde vlak as die liefde nie, en is daarom slegs relatief belangrik. Uiteindelik moet elkeen hiervan strykdeur ontsluit word deur die liefde, sodat selfbelang, -vertroue en -trots ten gunste van *ander* aangewend word. Buite dié relativerende bevryding deur die liefde word selfbelang selfsug, selfvertroue egoïsme, en selftrots baasskap.

Verstaan 'n mens eers werklik dat liefde 'n openheid vir gemeenskap met *ander* is, dan kan jy uiteindelik begryp dat liefde nie 'n *oorgaan in* die ander is nie. Die soort van gemeenskap wat deur die liefde gestig word, is 'n gemeenskap wat die ander se

andersheid nie vernietig nie. Liefde is nie imperialisme nie. Liefde is eerder 'n genot aan die ander. En as die liefde se kring voltooi is, is die genot weder-*ander*-syds.

*Liefde hef nie andersheid op nie, dit maak andersheid gemeenskaplik.* [3]

*Daarom, en so, versoen die liefde.* [4]

2.6 En nou kan ons weer terugkeer na die oorspronklike punt, naamlik dat dit in hierdie oorweginge in verband met die liefde handel om die bestaansorde van menswees, om die oerstruktuur van die menslike bestaan, en nie maar net oor interpersoonlike gesindhede nie. Met ander woorde, dit gaan hier oor die gehele matriks waarbinne die menslike lewe afspeel. Dit gaan om die ordening van die menslike lewe wat as moontlikheid en as imperatief aan ons opgedra is.

Ons praat dus ook *onder andere* van 'n land se konstitusie en van die politieke stelsel. Meer bepaald handel dit oor dié politieke stelsel en dié tipe konstitusie wat in Suid-Afrika die plek behoort te neem van die haataanjaende rassistiese stelsel wat oor jare tot nou toe gegeld het. In die lig van die voorgaande argumentasie volg dit dat die lewensorde van die liefde ook in hierdie opsig die punt van oriëntasie behoort te wees.

Wanneer *Die Keuse* ... die skeppingsordelike liefde as grondslag neem vir die etiese besinning oor die Suid-Afrikaanse situasie, dan beteken dit nie dat die harde realiteite van die daaglikse lewe gesublimeer word in een of ander fantansie van lieftalligheid nie. Dit gaan daarom dat bepaalde sosiale waardes geïdentifiseer en omskryf word, wat, gegewe die konteks en kondisies van ons era, die bes moontlike speelruimte sal bied dat die liefde - waarop elke mens wesenlik aangelê is - tot uiting kan kom. Geen politieke of konstitusionele stelsel kan die oerorde van menswees direk vergestalt, en nog minder afforseer. Dit kan egter kanale skep wat die uitleef van die liefde aanhelp en aanmoedig. Of dit kan andersyds blokkasies daarstel, of selfs doelbewus teen die liefdesorde organiseer.

Maar dan volg wat Suid-Afrikaners in die jongste tyd andermaal deeglik ondervind het: chaos. Want as daar enige waarheid daarin steek dat die oerorde van die menslike bestaan deur die inspeel van God daarop gekwalifiseer is as 'n liefdesorde, dan kan 'n afwyking van dié orde niks anders as chaos, haat en dood meebring nie. Wie die spelreëls nie nakom nie, word deur die spel self getroef.

Dit is daarom van deurslaggewende belang dat sosiale waardes ontwikkel sal word wat in terme van huidige kondisies nader uitdrukking gee aan die oerorde van menslike bestaan. Sulke waardes is tegelyk fyner omskrywings van die betekenis van die liefde as Godgeskape bestaansordening, en boustene vir 'n konstitusionele en sosiale strukturering.

---

3. Dit word duidelik uitgedruk in twee oer-hermeneutiese beslissings wat die Christelike kerk gemaak het met die formulering van die triniteits- en twee naturelere.

4. Hieruit volg: die selfprysgawe wat die wese van die liede is, is so ongeveer die teenoorgestelde van selfvernietiging. Liefde kan alleen as selfvernietiging beskou word as dit in 'n perverse sentimentaliteit opgaan.

2.7 In *Die Keuse* ... is die sosiale waardes en die (byna noodwendige) gevolgtrekkings ten opsigte van 'n konstitusie en 'n politieke stelsel wat daaruit afgelei word, in groter besonderhede uitgewerk. Uiteraard kan dit nie hier herhaal word nie. Dit is genoeg om daarop te wys dat die waardes van gelykheid, diensbaarheid en verantwoordbaarheid die drie basiese begrippe is in dié verband.

Wanneer hierdie begrippe verstaan word teen die agtergrond van die voorgaande uiteensettings, vind belangrike verstellings ten opsigte van die inhoud van elkeen plaas wat betekenisvolle korreksies aanbring op die interpretasie van dié begrippe soos deur die humanisme bemiddel. Om daardie rede kry dié begrippe ander inhoude en 'n ander betekenis as wat die afgelope halfeeu in die Suid-Afrikaanse openbare lewe die geval was. So byvoorbeeld, word op grond van die 'andersheid' van mense tot die gevolgtrekking gekom dat hulle *daarom* in 'n politieke stelsel bymekaar hoort. Gelees deur die bril van die liefde as skeppingsordening, is die 'andersheid' van mense geen bedreiging soos in die rassistiese denke veronderstel nie, maar juis voorwaarde vir sinvolle bestaan. 'n Mens leef immers nie met jouself saam nie, maar met ander. Dus: andersheid is die *grondslag* vir deelname.

Met hierdie opmerking oor andersheid word dan ook duidelik dat gelykheid nie kan beteken 'eendersheid' nie. Gelykheid slaan hier op die *stand* van mens teenoor mens en nie die inherente toestand van die een mens vergeleke by die van 'n ander nie. Derhalwe slaan gelykheid ook op hulle stand as burgers (stemreg), voor die reg en as deelhebbers aan die ekonomie.

Die punt is dus dat die wesenstruktuur van die menslike orde deur God geskep, 'n oopheid vir gemeenskap is. In die gelykheid, diensbaarheid en verantwoordbaarheid kan ons in kontemporêre begrippe verdere uitdrukking gee aan die betekenis hiervan. Wat uiteindelik beteken dat in die kultuur-historiese era waarin ons ons nou bevind, 'n keuse gemaak word vir 'n almal-insluitende en gelykberegtigende politieke stelsel. In die twintigste eeu heet dít 'n oop en vrye demokrasie.